**BELASTINGSEISOEN 2025 VIND PLAAS VAN 21 JULIE TOT 20 OKTOBER**

**Tshwane, 18 Julie 2025 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is bly om aan te kondig dat 5.8 miljoen belastingpligtiges hierdie jaar outo-aanslae ontvang het, 'n styging teenoor 2024 se 5 miljoen. Noemenswaardig is dat 99.6% van outo-aanslae wat tot op datum uitgereik is, deur belastingpligtiges onveranderd gelaat is. Ewe indrukwekkend is dat R10.6 miljard in terugbetalings reeds aan belastingpligtiges binne 72 uur uitbetaal is.

Met outo-aanslae, gebruik SARS data van derdeparty-dataverskaffers om belastingpligtiges aan te slaan. Met ons strewe om "belasting net te laat gebeur", hoef belastingpligtiges niks te doen wanneer hulle 'n outo-aanslag ontvang nie. Vir die paar belastingpligtiges wat hul belastingopgawes moet bywerk, in die geval van uitstaande inligting, kan dit deur eFiling of die SARS MobiApp gedoen word.

Die reis jeens die bou van 'n slim, moderne SARS wat deur die gebruik van kunsmatige intelligensie, masjien-aanlering en datawetenskap gekenmerk word, werp vrugte af. Meer as 2.1 miljoen belastingpligtiges het deur ons digitale kanale met SARS sake gedoen. Hiervan was 1.1 miljoen interaksies deur die SARS-aanlynnavraagstelsel ontvang, 707 000 deur Whatsapp en 290 000 deur Lwazi-kletsbot. Deur dit maklik en eenvoudig te maak om met SARS deur eFiling of die SARS MobiApp sake te doen, het 10.2 unieke gebruikers reeds sedert 4 Julie suksesvol op dié platforms aangemeld.

Die suksesvolle voltooiïng van die outo-aanslagtydperk, van 7 tot 20 Julie 2025, word gevolg deur die belastingindieningstydperk vir individuele belastingpligtiges deur eFiling en die SARS MobiApp van Maandag 21 Julie tot 20 Oktober 2025. Voorlopige belastingpligtiges kan ook van 21 Julie 2025 tot 19 Januarie 2026 opgawes indien. Vir die meerderheid van diegene wat 'n opgawe aanlyn indien, word 'n uitslag binne 5 sekondes uitgereik indien alles in orde is. Hierdie wêreldklas diens word gelewer onderwyl die risiko van ontoelaatbare of bedrieglike terugbetalings deur gesofistikeerde masjien-aanlering en KI-modelle bestuur word.

Om boetes te vermy moet belastingpligtiges akkurate inligting betyds indien. Vir 'n vaartbelyne Belastingseisoen 2025, word belastingpligtiges aangemoedig om die volgende kommunikasiekanale vir SARS te gebruik:

- **SARS-webtuiste:** besoek www.sars.gov.za en klik op die "Individuals"-oortjie.
- **SARS-aanlynnavraagstelsel (SOQS):** https://tools.sars.gov.za/soqs.
- **SARS WhatsApp:** stuur "Hi" of "Hello" na 0800 117 277.
- **KI virtuele assistent:** 24/7 op die SARS-webtuiste beskikbaar om navrae te beantwoord.
- **Skakel *134*7277#:** vir toegang tot SARS-dienste.
- **SARS YouTube-kanaal:** besoek @sarstax vir instruksievideo's.

Belastingpligtiges gebruik SARS se digitale kanale suksesvol. Dit is nie nodig om SARS se dienssentrums te gebruik nie. As jy moet, maak eers 'n afspraak om lang toue te vermy.

Belastingpligtiges wat SARS skuld, word aangemoedig om so gou moontlik betalings te maak of om betalingsreëlings te tref. Slegs terugbetalings van R100 en meer sal outomaties binne 72 uur uitbetaal sodra die aanslag voltooi is.

SARS vra belastingpligtiges aan om uiters versigtig te wees en hul besonderhede vertroulik te hou. Daar was reeds baie pogings deur bedrieërs om belastingpligtiges te bedrieg. Belastingpligtiges word herinner dat SARS nooit belastingpligtiges sal vra om enige skakels te gebruik om met hulle sake te doen nie. Belastingpligtiges moet hul eFiling-aanmeldbesonderhede bewaar en slegs geregistreerde belastingpraktisyne gebruik.

Inligting oor die nuutste slenters kan op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za besigtig word. Om inligting oor uitvissery te versoek of te rapporteer, kan belastingpligtiges 'n e-pos aan phishing@sars.gov.za stuur.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het sy tevredenheid uitgespreek dat outo-aanslag deurslaggewend is in die strewe om dit makliker te maak vir belastingpligtiges om nakomend te wees. Hy het gesê: "SARS werk hard om belastingpligtiges die beste moontlike diens te gee waar "belasting eenvoudig gebeur". Hy het ook genoem dat die verbetering van SARS se digitale platforms belastingpligtiges tyd spaar en die behoefte om na SARS-takke te reis uitskakel. "Ons doel is om uiteindelik die beste diens geen diens hoegenaamd te maak. Terwyl ons op 21 Julie met belastingseisoen begin vir diegene wat nie outomaties aangeslaan was nie, moedig ek belastingpligtiges aan om liewer ons digitale kanale te gebruik as om by ons dienssentrums tou te staan".

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE.